

VOORBIDDING:



Wêreld: Broenei, Maleisië en Singapoer. Oplossing vir konflikte [Palestyn-Israel]; bekamping van IS-groep se terreur.

RSA & Dorp: Waardes en norme - grondwet, regspleging, houdings en optrede. Bevryding van korrupsie en onbevoegdheid. Vigs geïnfekteerdes en -geïnfekteerdes. Dwelmafhandlikes en -geïnfekteerdes. Groter eenheid tussen alle Suid-Afrikaners, ongeag taal en ras; die armes, werkloos en gemarginaliseerdes in ons samelewing. Die brandslagoffers van George en omgewing.

Gemeente & Kerk: Treurendes, siekes, verswaktes, diegene onder behandeling en aan die herstel. Oordeelkundige gebruik van water. Matrieks,

skoliere en studente wat eksamen skryf. Nelis Janse van Rensburg wat herstel ná 'n rug-operasie.

Meegevoel: Oom Willie Strauss, voorheen van Cynaroides, is Dinsdagoggend oorlede. Meegevoel met sy vrou, Helena, en kinders.

Baie geluk aan die volgende lidmate wat vandag verjaar: Magdaleen Hattingh (Fisant) en Robert Vosloo (Old Oak).

Kersprojek 2018 Ons insameling konsentreer hoofsaaklik op voedsel, toiletware en skoolbenodigdhede om só die boodskap van Kersfees te deel met die behoeftige gemeenskap rondom ons. Baie dankie aan almal wat al bydraes vir die Kersprojek gebring het, hetsy in die vorm van 'n volledige gesinskospakkie, los kruideniersware, toiletware of geldbydraes. Indien jy ook wil meedoen aan hierdie groot projek, bestudeer die Kerspamflet (beskikbaar by die deure of in die kerkkantoor) om te sien waar jy betrokke wil raak of bydra. **Die groot verpakking vind plaas op Woensdag, 28 November van 09:00 tot 12:00.**



GROENgedagte #119 In die laaste GROEN gedagte vir die jaar kyk ons na die res van die jaar se spesiale dae. Op 24 November was dit "Birding BIG dag [SA]" - die dag wat die voëlkykers probeer om soveel as moontlik voëls af te merk. Hoeveel plesier verskaf die voëls in die lug nie aan ons nie? Die rustigheid om in die tuin te sit en te sien hoe die voël-tjies kos soek en water drink en speel, en soms jag. Op 1 Desember is dit Wêreld VIGSDag. Ons het sekerlik al afgestomp geraak en dink nie meer so baie aan VIGS en die vele slagoffers van hierdie siekte nie. Almal weet nou daarvan en jammer as jy dit kry! VIGS geïnfekteerdes en -geïnfekteerdes is egter steeds met ons en sal vir baie jare nog met ons wees. Duisende VIGS weeskinders in ons land en in die wêreld herinner ons nog daaglik aan die gevolge van VIGS. Ons sorg vir die Here se skepping sluit vir seker ook ons sorg vir mekaar in. Op 5 Desember is dit Wêreld Grondtag en op 11 Desember Internasionale Bergedag. Ons afhanklikheid van grond spreek vanself, maar maak seker jou kinders en kleinkinders weet waar die kos vandaan kom wat hulle eet. En as jy weer in die berge stap of draf of fietsry, of dit sommer net sit en bewonder, sê vir die Here dankie vir sy wonderlike skeppingswerk.



WELWEEK

Christus is die Here!

Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.



Sondag 25 November 2018

Sondag van Christus die Koning

Koninkrykstyf

Tema Christus, koning oor lewe en dood
Teks Openbaring 1: 4-8
Prediker Elzanne van der Westhuizen
08:45 Gebedsgeleentheid (komiteekamer)
09:30 Erediens

Jaartema:
Dissipels ontvang en
soek die geskenk van
gemeenskap.

Op die kerkradsvergadering van 13 November is die volgende persone tot die kerkrad verkies:

Tot ouderling verkies: Mathilda Vlok (A-wyke), Herta de Villiers (C-wyke), Karin Calitz (Diens van Barmhartigheid), Koos Swart (Adminkomitee), Marié van der Walt (Koinonia Bediening). **Tot ouderling herkies:** Hennie Möller (A-wyke). **Tot diaken verkies:** Hannes Bellingan (A-wyke), Johan Vorster (A-wyke), Hanlie Groenewald (C-wyke), Braam Horn (C-wyke) en Hanli Hencke (Koinonia Bediening).



Ons Kerssangdiens vind volgende Sondag plaas. Kom sing lekker saam!

Blommerangskickers vir 2019

Gedurende die kerklike jaar word ons weekliks bederf met die mooiste blomme in die kerk. Slegs 'n handjievol gemeentede is deel van hierdie bediening. Indien jy voel dat jy hier betrokke wil raak, kontak asseblief vir Rina van den Heever by 021 886 5975 of ontvangs@stelwel.co.za.

Is jy nuut by ons? Kom gerus ná die diens na voor waar 'n lid van die Bediening vir Nuwe Lidmate jou sal ontmoet.
Kom geniet gerus 'n koppie tee en lekker koffie in die leeskamer en neem boeke uit by ons eie biblioteek in die vierkant.

PROGRAM VIR VOLGENDE WEEK: Maandag 26/11 tot Sondag 2/12

Do 27/11	10:00	Laaste biduur by Bonheur.
Wo 28/11	09:00 - 12:00	Kerspakkies word verpak in die vierkant. Skakel Rina van den Heever by 021 886 5975 as jy wil kom help.
Do 29/11	09:00 - 12:00	Naaldwerkbediening: Kontak Anette Cronje by 021 886 5115 as jy wil kom saam werk aan die naaldwerkprojekte.
Vr 30/11		2019 se almanakke gereed in die dienswerkers se vakkies om in die wyke uitgedeel te word.
So 2/12	09:30 18:00	Eerste Advent Erediens: Monty Sahd (Kerssangdiens) Laaste diens by Bonheur

Die deuroffer vandag gaan aan Stellenbosch Vigs-aksie: Stellenbosch Vigsaksie se visie is om 'n omgewing te skep waar die geskenk van lewe gerespekteer word en die mense wat met MIV en Vigs lewe, volkome aanvaar word. Hulle werk kring uit tot die hele Wynlanddistrik waar hulle ondersteuningsdienste lewer aan mense wat geïnfekteer en geïmmuun word deur MIV en Vigs. Vir meer inligting, skakel hul kantoor: 021 808 2931 of 083 589 4798 of stuur 'n epos na atheart@sun.ac.za.

Die deuroffer verlede week aan Paarl Hospitaal se Neonatale Eenheid was R1 938. Baie dankie! Volgende week se deuroffer gaan aan Radiokansel.

Betaal met Snapscan!

Laai dit af op jou slimfoon by <http://www.snapscan.co.za/user.html>. Onthou asb om die "Enter Reference" in te vul.



November se deuroffer-tema is **Kinders en Gesondheid**. Daarom gaan ons deuroffers aan *Safehouse, Jamestown Sounds, Paarl Hospitaal se Neonatale Eenheid* en ook aan *Vigsaksie*.

HUISGELOOF is elke week beskikbaar om van ons webblad af te laai by www.stelwel.co.za. Kopieë is ook by die deure beskikbaar.

Herwinningspapier vir Huis Horison moet asb in die houtkas met die ophigdekseel (in die vierkant, links van die hek) geplaas word. Daar is ook herwinningsakke in die mandjie by die staalhek of in die kerkkantoor beskikbaar.

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
Kantoorure: 08:00 tot 13:00 (Ma—Vr)



Baie dankie vir almal se bekertjies!

Ons kan 75 kinderharte by Lindelani Plek van Veiligheid vanjaar bly maak! Dankie vir elkeen wat gegee het!

Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors. Sy heerskappy sal uitbrei en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Jesaja 9: 5-6

Geopende Deure Sweet!



Geopende Deure

Diens aan vervolgte **Christene** wêreldwyd

Thys Visser het vir ons kom vertel van die werk van Geopende Deure.

Hulle dien Christene in lande waar dit onwettig is om 'n Christen te wees of 'n Bybel te besit. Hulle help hierdie Christene om steeds hul geloof uit te leef in die moeilikste omstandighede.

Hy het ook vertel van 'n inisiatief met die naam SWEET - vir drawwers en fietsryers en enige oefen-malles! Jy neem deel aan 'n byeenkoms en kry borge om jou te borg met Bybels. Jy kan enige bedrag borg vir die atleet en dit direk betaal aan Geopende Deure wat dit dan aanwend om Bybels te koop en te versprei aan die vervolgte Christene.

Charl Cronje het besluit om die uitdaging te aanvaar en geregistreer as 'n Geopende Deure SWEET-atleet. Hy hardloop Sondag die Origin of Trails *trailrun* van 15 km en u kan hom borg, direk op geopende deure se webwerf of deur 'n inbetaling by die kerkkantoor wat ons dan oordra aan Geopende Deure. Volg hierdie skakel om meer uit te vind: <https://www.opendoors.org.za/afr/raak-betrokke/sweet/>

Charl se verwysingsnommer is BG18



Bestel steeds Somerbosch-aarbeie teen Maandae om op Woensdae by die kerkkantoor te kom afhaal. Laaste bestelling is Maandag 10 Desember en laaste aflewering is Woensdag 12 Desember. Aarbeie is R40 vir 1 kg.

BELANGRIKE NOTA: Die kerkkantoor open op Maandae om 09:00.